Access fun Grade 8–12 quizzes, matric past papers, K53 learner mock tests, and NBT prep!

All in one easy-to-use app.

DOWNLOAD GO STUDY NOW

Download on the App Store

GET IT ON Google Play

Tap on the buttons above to download the app

www.gostudy.club

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2019

REKENINGKUNDE V1

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

* I A C C N A *

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye, ’n 1-bladsy formuleblad en antwoordeboek van 10 bladsye.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. 'n FORMULEBLAD vir finansiële aanwysers is by hierdie vraestel aangeheg. Jy mag dit gebruik indien nodig.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Alle bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. 'n Uiteensetting van die vrae word voorsien. Probeer om by die voorgestelde tyd vir elke vraag te hou. Probeer om NIE hiervan of te wyk NIE.

VRAAG 1: 30 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Ontleding van transaksies Vaste bates	Ontleding en rekeningkundige vergelyking Vaste bate-nota: Bereken ontbrekende syfers Interne beheer
VRAAG 2: 50 punte; 40 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Inkomstestaat en Balansstaatnota	Inkomstestaat Handels- en ander ontvangbares nota
VRAAG 3: 40 punte; 30 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Vennootskappe	Begrippe Balansstaat Notas tot die finansiële state
VRAAG 4: 30 punte; 30 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Ontleding en vertolking	Begrippe Ontleding en vertolking van finansiële state

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 1: ONTLEDING VAN TRANSAKSIES EN VASTE BATES

(30 punte; 20 minute)

1.1 ONTLEDING VAN TRANSAKSIES

Ontleed die volgende transaksies deur die tabel in die ANTWOORDEBOEK te voltooi. Verwys na die voorbeeld hieronder. Die deurlopende voorraadstelsel word gebruik. Die bank is te alle tye oortrokke (negatiewe saldo). (12)

VOORBEELD: Betaal die skoonmaker uit die kleinkas, R200.

Algemene Grootboek		Bates	Eienaars-belang	Laste
Rekening te debiteer	**Rekening te krediteer**			
Lone	Kleinkas	-200	-200	0

TRANSAKSIES:

1.1.1 Koop handelsvoorraad vir R25 000 van Sarah Baartman Verskaffers en betaal per tjek.

1.1.2 Reik ŉ debietnota aan CAN-skryfbehoeftes vir skryfbehoeftes teruggestuur, R500, uit.

1.1.3 ŉ Debiteur het goedere vir R1 400 (kosprys, R700) teruggestuur. Hierdie goedere is totaal beskadig.

1.1.4 ŉ Tweedehandse kasregister is van W. Fray aanvaar as betaling vir sy skuld. Sy skuld van R3 500 is die vorige jaar afgeskryf.

1.2 VASTE BATES

Die inligting het betrekking op Vens Algemene Handelaars vir die finansiële jaar geëindig op 28 Februarie 2019.

GEVRA:

1.2.1 Bereken die ontbrekende syfers aangedui met (i) tot (iii). (13)

1.2.2 Die toerusting is teen ŉ verlies verkoop, terwyl die markwaarde R35 000 was. Verskaf TWEE moontlike redes vir die verlies en stel EEN beheermaatreël voor om te verhoed dat dit weer gebeur. (5)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

IINLIGTING:

A Uittreksel: Vaste Bate-Nota:

	VOERTUIE	TOERUSTING
Drawaarde (1/03/2018)	143 000	222 720
Kosprys	**(i)**	435 000
Opgehoopte waardevermindering	(117 000)	(212 280)
Bewegings:		
Toevoegings	140 000	
Verkope		**(iii)**
Waardevermindering	**(ii)**	
Drawaarde (28/02/2019)		
Kosprys	400 000	342 000
Opgehoopte waardevermindering		

B Op 1 Desember 2018 is ou toerusting op krediet vir R25 000 verkoop. Die opgehoopte waardevermindering op die toerusting wat verkoop is, beloop R54 800 op 1 Maart 2018.

C 'n Nuwe voertuig is op 1 September 2018 aangekoop. Waardevermindering vir die ses maande beloop R14 000.

D Waardevermindering op toerusting word bereken op 20% p.j. op drawaarde.

E Waardevermindering op voertuie word volgens die reguitlyn-metode bereken.
LET WEL: Die ou voertuig is op 1 Maart 2015 gekoop.

30

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 2: INKOMSTESTAAT EN BALANSSTAATNOTA (50 punte; 40 minute)

TYALI HANDELAARS

Die volgende inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2019.

GEVRA:

2.1 Voltooi die Inkomstestaat. (41)

2.2 Stel die nota vir Handels- en ander ontvangbares op. (9)

INLIGTING:

A. Uittreksel van die voor-aansuiweringsproefbalans op 30 Junie 2019

BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING	
Voertuie	680 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	150 000
Vaste deposito (teen 9% p.j. by Nedbank)	160 000
Handelsvoorraad	302 500
Debiteurekontrole	68 880
Voorsiening vir oninbare-skulde	2 010
Lening: Mtolo Bank	375 000
NOMINALEREKENINGE-AFDELING	
Verkope (sluit 75% winsopslag in)	1 737 750
Koste van verkope	?
Huur inkomste	81 792
Kommissie inkomste	20 076
Korting ontvang	6 850
Rente op vaste deposito	8 500
Salarisse en lone	138 500
Verbruiksgoedere	11 900
Versekering	19 300
Diverse uitgawes	?
Oninbare skulde	4 120

B. Addisionele inligting en aansuiwerings:

(a) Goedere, R3 500 (kosprys van R2 000), wat deur 'n debiteur B. Jonson teruggestuur is, is op die rakke terug geplaas. Die transaksie is nie aangeteken nie.

(b) Voorraadopname dui aan dat voorraad, kosprys R3 600, vermis word en verbruiksgoedere voorhande R2 900 beloop.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

(c) Die boekhouer het ŉ korting van R150 van Jula Handelaars, ŉ krediteur, weggelaat. Dit was vir die vroeë betaling van die rekening.

(d) Uitstaande skuld van R2 880 moet afgeskryf word.

(e) Voorsiening vir oninbare skulde moet aangesuiwer word tot 5% van debiteure.

(f) Versekering van R9 300 is ten volle aangeteken. Die bedrag is vir die periode van 1 Mei 2019 tot 31 Oktober 2019 betaal.

(g) Huurinkomste is op 1 Desember 2018 met 6% verhoog. Die huur vir Junie 2019 is nog uitstaande.

(h) Die boekhouer het R60 000 as addisionele vaste deposito op 1 Februarie 2019 aangeteken.

(i) Bedryfsuitgawes beloop 24% van die aangesuiwerde verkope vir die jaar.

(j) Die leningstaat is soos volg:

Saldo op 1 Julie 2018	375 000
Terugbetaling van lening (rente ingesluit)	161 250
Saldo op 30 Junie 2019	257 250

(k) Waardevermindering vir die jaar beloop R71 680.

50

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 3: VENNOOTSKAPPE (40 punte, 30 minute)

3.1 BEGRIPPE

Kies die korrekte term uit die lys om elk van die volgende stellings te voltooi. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

bedryfslaste; vooruitontvange inkomste; balansstaat; kontant en kontantekwivalente; inkomstestaat; vooruitbetaalde uitgawes

3.1.1 Die staat wat die finansiële resultate van die onderneming weerspieël, word 'n … genoem.

3.1.2 Die bedrag vir huur deur die huurder vir die volgende finansiële jaar betaal, sal as ... aangeteken word.

3.1.3 Die staat wat die finansiële posisie van die onderneming weerspieël, word 'n … genoem.

3.1.4 'n Vaste deposito wat in die volgende finansiële jaar verval, word aangeteken onder ... in die finansiële state.

(4 x 1) (4)

3.2 SS BROTHERS

S. Ntubeni en S. Kolisi is vennote in hierdie onderneming. Die finansiële jaar eindig op 30 September 2019.

GEVRA:

3.2.1 Voltooi die nota vir Privaatrekeninge vir die finansiële jaar geëindig. (19)

3.2.2 Voltooi die Ekwiteit en Laste afdeling van die Balansstaat op 30 September 2019. (17)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

INLIGTING:

A. **Uittreksel uit rekeningkundige rekords op 30 September 2019**

Kapitaal: Ntubeni		350 000
Kapitaal: Kolisi		450 000
Privaatrekening: Ntubeni (1 Oktober 2018)	(Dt)	30 000
Privaatrekening: Kolisi (1 Oktober 2018)	(Kt)	10 500
Handelsvoorraad		132 600
Lening: BANI Bank		**?**
Vaste Deposito: Easy Bank		180 000
Krediteurekontrole		60 500
Opgelope uitgawes		8 000
Opgelope inkomste		15 000
Vooruitbetaalde uitgawes		22 000
Vooruitontvange inkomste		7 500
Wisselgeld		4 500
Bank	(Kt)	35 500
Kleinkas		1 000
Onttrekkings: Ntubeni		345 000
Onttrekkings: Kolisi		375 000
Wins en verlies (Netto wins)		750 000

B. Op 31 Maart 2019 het Kolisi sy kapitaalbydrae met R50 000 verhoog. Dit is in die boeke aangeteken.

C. Die vennootskapsooreenkoms bepaal die volgende:

- Rente op kapitaal teen 12% p.j.
- Kolisi het ŉ jaarlikse salaris van R240 000 ontvang.
- Ntubeni het ŉ salaris van R5 000 per maand meer as Kolisi weens ekstra bestuurspligte ontvang.
- Kolisi het ŉ bonus van 10% van sy jaarlikse salaris ontvang.
- Die oorblywende winste word gelykop tussen die vennote gedeel.

D. R50 000 word in die volgende finansiële jaar op die kapitaalbedrag van die lening betaal.

E. Totale bates vir die jaar beloop R1 170 000.

40

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 4: ONTLEDING EN VERTOLKING (30 punte; 30 minute)

4.1 BEGRIPPE

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' teenoor die vraagnommer (4.1.1–4.1.4.) in die ANTWOORDEBOEK.

4.1.1 Solvabiliteit is die onderneming se vermoë om bedryfslaste te vereffen.

4.1.2 Winsgewendheid is die effektiewe bestuur van uitgawes.

4.1.3 Krediteure-betalingstydperk is die tydperk tussen 60–90 dae wat krediteure terugbetaal moet word.

4.1.4 Periode voorraad voorhande is die hoeveelheid keer wat voorraad vervang word.

(4 x 1) (4)

4.2 MK HANDELAARS

Hierdie onderneming word besit deur vennote Mike en Koline. Die finansiële jaar eindig op 30 September elke jaar.

GEVRA:

4.2.1 Persentasie opbrengs verdien deur Mike.

- Bereken die gemiddelde persentasie opbrengs wat Mike verdien het. (6)
- Lewer kommentaar op die opbrengs wat Mike verdien het. Haal syfers aan. (2)

4.2.2 Lewer kommentaar op TWEE likiditeitsaanwysers wat verbeter het. Haal syfers aan. (6)

4.2.3 Die vennote beplan klein uitbreidings aan die gebou ter waarde van R80 000. Vennoot Koline het voorgestel dat 'n addisionele lening vir die uitbreidings aangegaan moet word.
Waarom dink jy het Koline hierdie voorstel gemaak? Haal 'n finansiële aanwyser met syfers aan om jou antwoord te staaf. (3)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

INLIGTING:

A. Besonderhede van Vennote se Kapitaal op 30 September 2019:

	MIKE	KOLINE	TOTAAL
Saldo aan die begin van die jaar	600 000	640 000	1 240 000
Addisionele kapitaal bygedra	100 00	-	100 000
Vermindering in kapitaal	-	(40 000)	(40 000)
Saldo aan die einde van die jaar	700 000	600 000	1 300 000

B. Uittreksel uit Vennote Privaat Rekening op 30 September 2019:

	MIKE	KOLINE	TOTAAL
Saldo aan die begin van die jaar	**21 152**	**(2 094)**	**19 058**
Primêre verdeling	263 000	260 000	523 000
Finale verdeling	27 000	18 000	45 000
Onttrekkings vir die jaar	(288 400)	(277 380)	(565 780)
Behoue inkomste vir die jaar	1 600	620	2 220
Saldo aan die einde	**22 752**	**(1 474)**	**21 278**

C. Finansiële aanwysers op 30 September:

	2019	2018
Bedryfskapitaalverhouding	1,8 : 1	1,4 : 1
Vuurproefverhouding	0,5 :1	0,6 : 1
Periode voorraad voorhande	68 dae	165 dae
Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn	35,2 dae	41,2 dae
Gemiddelde krediteure betalingstermyn	36,2 dae	39 dae
Skuld/ekwiteit-verhouding	0,2 : 1	0,3 : 1
Opbrengs op verdienste: Mike	**?**	
Opbrengs op verdienste: Koline	45%	

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

4.3 JOHN SE TOESTELLE

John se Toestelle verkoop (onder meer) elektriese waaiers en elektriese verwarmers.

Jy word voorsien van inligting vir die eerste drie maande van die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2019.

GEVRA:

4.3.1 **Verwys na die elektriese waaiers:**
Identifiseer TWEE negatiewe gevolge van die toename in die winsopslagpersentasie. Haal die gepaste syfers aan. (4)

4.3.2 **Verwys na die elektriese verwarmers:**
Die oorspronklike verskaffer het die land verlaat. John is gedwing om na 'n ander verskaffer te verander. Om die verkoopprys te behou, moes hy die winsopslag % verlaag en aanvaar dat die bruto wins op korttermyn sou verminder.

- Identifiseer EEN gevolg (probleem) as gevolg van die verandering in verskaffer. Haal syfers aan. Gee 'n moontlike rede vir die probleem wat jy geïdentifiseer het. (3)
- Gee EEN voorstel (behalwe die bogenoemde) wat John kan gebruik om die verkope in die algemeen te verhoog. (2)

INLIGTING:

	ELEKTRIESE WAAIERS		ELEKTRIESE VERWARMERS	
	2019	**2018**	**2019**	**2018**
Eenhede verkoop	320	400	600	500
Terugsendings deur kliënte	0	5	80	10
Verkoopprys	R 1 530	R 1 280	R 420	R 420
Kosprys	R 850	R 800	R 300	R 280
Winsopslag %	80%	60%	140%	150%
Totale verkope	R 489 600	R 505 600	R 218 400	R 205 800
Brutowins	R 217 600	R 189 600	R 62 400	R 68 600
Voorraad voorhande	55	50	200	120
Voorraadomsetsnelheid	5,8	7,9	2,6	4,1

30

TOTAAL: 150

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

GRAAD 11 REKENINGKUNDE: FORMULEBLAD VIR FINANSIËLE AANWYSERS		
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale verdienste per vennoot}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang van vennoot}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : Bedryfslaste	(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	
(Handel en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste		
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$	
Niebedryfslastes : Eienaarsbelang	Totale bates : Totale laste	

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore